*Saterdag* **3 Mei**

**Skrifgedeelte: Jesaja 55 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Jesaja 55:8-11**
**Soek God se woord – dit keer nie leeg na Hom toe terug nie**

Let op hoeveel keer ons in Jesaja 55 die opdrag kry om die Here te soek en na Hom te luister (vs 1, 2, 3, 6, 7). Hoekom die noodsaak om na die Here te kom en na Hom te luister?

Vers 8 gee ons die antwoord. Die Here sê: *"My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos myne nie."* Die Here se gedagtes verwys na sy wil, begeerte, sy planne. Die mens se wil, begeerte en planne is nie soos die van God nie. So sien ons al tydens die skepping en sondeval. God se wil was dat die mens sy beeld en verteenwoordiger moes wees (Gen. 1:27). Die mens se wil was om soos God te wil wees (Gen. 3:4-6).

Omdat die mens sy eie wil tot uitvoer gebring het, het die sondeval plaasgevind. Nou dors ons na verlossing en herstel van ons verhouding met die Here. Genadiglik het God sy Seun na hierdie wêreld gestuur om ons van ons sonde te verlos. Hy is die fontein van die lewe. By Hom koop ons sonder om te betaal wyn en melk – die brood van die lewe.

Omdat ons in Jesus herstel is voor God, moet ons nou leer wat sy gedagtes is. Ons gedagtes bepaal immers ons optrede. Wanneer jou gedagtes soos God se gedagtes word, word jou optrede die optrede wat God wil hê.

Waar vind ons die gedagtes en die wil van die Here? Ons vind dit in sy woord. Soek sy woord en luister daarna. Die verandering wat dit in jou werk, is bewys dat God se woord nie onverrigtersake na Hom toe terugkeer nie.

*Sing: Psalm 119-1:39, 48*

*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*